# Primêre Skool Jim Fouché
## *Beleide*

# SPORTBELEID

Sport is 'n belangrike komponent van enige skool en kan ‘n baie kragtige samebindende faktor in 'n skoolgemeenskap wees. Die teenoorgestelde kan ook waar wees. Dit bly dus belangrik dat ons gesamentlik sal fokus op die doelwitte wat nagestreef word.

VISSIE:

Die leerder bloot te stel aan die vaardighede van verskillende sportsoorte en elke leerder in sy/haar totaliteit te ontwikkel na die beste van elke sportafrigter se vermoë. ‘n Gesonde liggaam huisves ‘n gesonde gees.

<u>DOELWITTE VIR SPORT</u>

- Om massadeelname te bevorder.
- Om ware liefde en genot vir die sport te help ontwikkel.
- Om goeie sportmangees, kameraadskap en deursettingsvermoë te ontwikkel.
- Om vaardighede te ontwikkel.
- Om kwaliteit afrigting aan te bied aan die hand van die nuutste tegnieke, afrigtingskursusse en klinieke.
- Om talent van ons leerders te ontgin en te ontwikkel.
- Goeie beeld te bou van die skool.

<u>OUERBETROKKENHEID</u>

Die skool ervaar met dankbaarheid 'n sterk belangstelling van ouerbetrokkenheid by sport. U ondersteuning is 'n bewys van u lojaliteit. So ook ervaar u kinders u betrokkenheid as baie belangrik en ondersteunend.

Ons oordeel dat dit ook belangrik is om kennis te neem van u kind se belewing van dié ondersteuning.

Gesonde en gebalanseerde aanmoediging verrig wondere. Uitermatige reaksie of oorbetrokkenheid by oefeninge en wedstryde het negatiewe gevolge. Hierdie is ongetwyfeld ons duidelike ervarings.

Daar word dus 'n beroep op ouers gedoen om:

- te volhard om kinders ten alle tye positief te motiveer en aan te moedig;
- nie betrokke te raak by die sport tydens die duur van oefeninge nie;
- waar moontlik, liefs u kind by die velde of bane te besorg en af te haal na afloop van die oefening;
- die spanpraatjie voor, tydens halftyd en na afloop van elke wedstryd in die uitsluitlike beheer van die afrigter oor te laat;
- te onthou dat die afrigters reeds bepaalde strategieë met spanne bespreek het voor wedstryde;
- u daarvan te weerhou om tydens wedstryde opmerkings teenoor spelers (nie noodwendig u kinders) te maak, wat hulle as voorskrifte van die kantlyn af beleef en verwarring saai;
- die oordeel van afrigters en skeidsregters op en van die veld te aanvaar en dus nie hulle integriteit te bevraagteken nie. Geen ware opvoeder wil berekend en met opset enige leerder of span benadeel nie;
- Die sportbeleid van die skool te erken en respekteer.

<u>DIE KODE VAN DIE GOEIE TOESKOUER</u>

Toeskouers behoort:

- te onthou dat kinders aan sport deelneem vir hulle plesier;
- goeie individuele vertonings deur *alle* spelers en spanne te erken;
- beslissings deur skeidsregters en wedstrydbeamptes te eerbiedig;
- NOOIT enige speler, beampte, mede-toeskouer of afrigter verbaal aan te val of af te kraak nie;
- alle spelers positief aan te moedig;
- nie *op* ‘n speler te skree nie, skree *vir* hom;
- alle spelers, ongeag die span waarvoor hy speel aan te moedig;
- nie spelers af te kraak nie;
- te onthou dat ons slegs besig is met ‘n spel – dit is nie ‘n oorlog of 'n provinsiale wedstryd of 'n toets nie.

Samevattend:

*Die skool ondersteun ‘n effektiewe en goedbeplande program waar opvoedkundige waardes teen die agtergrond van gesonde kompetisie kan realiseer. Die skool erken, soos hierbo uiteengesit, die impak van ouerondersteuning, mits dit versoenbaar is met die doelwitte van sport op primêre skool vlak. Die skool verwerp dus enige emosionele en onaanvaarbare optrede wat strydig is met bogenoemde oortuigings en keur sodanige optredes ten sterkste af.*

<u>DISSIPLINE EN TROTS</u>

Daar is 'n duidelike verband tussen dissipline, trots, motivering en sukses. Die skool wil hierdie belangrike beginsels koester sodat sport sy doelwitte kan bereik. Daar is baie praktiese maatreëls wat getref kan word om bogenoemde te verseker.

Enkele voorbeelde is die volgende:

- Betyds aanmeld vir oefeninge en wedstryde;
- Korrekte, netjiese en skoon kleredrag is ‘n vereiste. Enige afwyking is ‘n verleentheid;
- Die fokus op spaneenheid tydens voorbereiding vir 'n wedstryd;
- Die ordelike beweeg na die velde as ‘n spaneenheid;
- 'n Netjiese berging van sportsakke en ander apparaat tydens die wedstryd;
- Die praktyk is dat leerders in skoolsweetpakke of in volle skooldrag by enige sportbyeenkoms sal opdaag en na wedstryde weer so sal vertrek.

  Ons wil versoek dat elke leerder 'n amptelike skoolsportsak sal bekom wat duidelik gemerk moet wees en dan vir elke sportwedstryd gebruik moet word. Dit is maklik om goeie toesig oor hierdie sportsakke en die inhoud te hou.

<u>Verbode middels</u>

Geen leerder mag gebruik maak van verbode middels wat op die WADA- en SAIDS-lys as verbode middels verskyn nie. Leerders moet ook aanvaar dat hulle te enige tyd vir verbode middels getoets kan word.

<u>ANDER BELEIDSASPEKTE</u>

**<u>Die Sportkomitee</u>**

Die sportkomitee bestaan uit al die sporthoofde van die skool, die sportorganiseerder, die BL-lid Sport en ‘n bestuurspanlid. U is welkom om enige navrae rakende u kode met die komitee te deel, wat dit so spoedig moontlik sal probeer aanspreek. Dit is beslis ‘n beter strategie om eerder probleme skriftelik na die voorsitters te verwys, as om oplossings langs die veld te probeer genereer.

**Spankeuses**

Ouderdom

Ons volg die riglyne soos vasgestel deur die verskillende moederunies. 'n Leerder speel onder die ouderdom van die jaar waarin sy verjaarsdag val: bv. hy verjaar op 6 Julie 2009 en is dan 13 – dan speel hy / sy onder 13. Leerders in kontaksportsoorte speel in sy / haar ouderdomsgroep. Indien 'n leerder 0.11 is, speel hy / sy in die 0.11 span. Die volgende geld vir die volgende sportsoorte:

- **Rugby**
  'n Leerder speel in sy ouderdomsgroep. Die volgende uitsonderings *kan* gemaak word met die toestemming van die speler se ouers: indien 'n leerder volgens die oordeel van die afrigters (die afrigter van die span waarin die kind tans speel en die senior afrigter) oor die nodige vaardighede beskik **en** emosioneel sterk genoeg is **en** fisiek opgewasse is, **en** beter as die 0.13-spelers is, kan hy vir die eerste span oorweeg word. So 'n speler moet baie goed bestuur word en kan nie net aangewend word om die "span vol te maak nie." **"Boksmart" reëls moet te alle tye nagekom word.**

- **Netbal**
  'n Leerder speel in haar ouderdomsgroep. Die volgende uitsonderings *kan* in *spesiale* omstandighede gemaak word die speler is in haar 0.12 jaar, beskik oor die vermoë om in die eerste span te speel, is beslis beter as enige 0.13 speler in die spesifieke posisie **en** is emosioneel **en** fisies opgewasse vir die eerste span **en** beide die afrigters stem saam dat dit tot die voordeel van die speler sal wees om vir die eerste span te speel. In bogenoemde geval moet die ouers skriftelik toestemming gee dat die kind vir die **eerste span** kan speel. So 'n speler moet baie goed bestuur word sodat haar talent ten volle ontwikkel word in lyn met haar emosionele ontwikkeling. In bg. geval moet afrigters 'n motiveringsbrief tesame met die ouers se skriftelike toestemming aan die BL voorlê vir goedkeuring. So 'n speler kan slegs in die eerstespan opgeneem word, indien sy deel uitmaak van die "starting line-up".

- **Hokkie**
  Spelers speel in graad verband. Die volgende uitsonderings *kan* in *spesiale* omstandighede gemaak word. Die speler is in sy/haar 0.12 jaar, beskik oor die vermoë om in die **eerste span** te speel, is beslis beter as enige 0.13 speler in die spesifieke posisie **en** is emosioneel **en** fisies opgewasse vir die eerste span. Beide afrigters stem saam dat dit tot voordeel van die speler is. In bogenoemde geval moet die ouers skriftelik toestemming gee dat die kind vir die **eerste span** kan speel. So 'n speler moet ook baie goed bestuur word sodat sy/haar talent ten volle ontwikkel word in lyn met sy/haar emosionele ontwikkeling. In bg. geval moet afrigters 'n motiveringsbrief tesame met die ouers se skriftelike toestemming aan die BL voorlê vir goedkeuring. So 'n speler kan slegs in die eerstespan opgeneem word, indien hy deel uitmaak van die "starting line-up".

- **Krieket**
  'n Leerder speel in sy ouderdomsgroep. Die volgende uitsonderings *kan* gemaak word met die toestemming van die speler se ouers: indien 'n leerder volgens die oordeel van die afrigters (die afrigter van die span waarin die kind tans speel en die senior afrigter) oor die nodige vaardighede beskik **en** emosioneel sterk genoeg is **en** fisiek opgewasse is, **en** beter as die 0.13-spelers is, kan hy vir die eerste span oorweeg word. So 'n speler moet baie goed bestuur word en kan nie net aangewend word om die "span vol te maak nie."

- **Atletiek**
  Streng volgens die ouderdomsvoorskrif

- **Tennis**
  Speel nie onder ouderdom nie

- **Landloop**
  Streng volgens ouderdomsvoorskrifte.

Afrigters is verantwoordelik vir die keuse van spanne en moet te alle tye die leerders se belange op die hart dra. Verduidelik aan ‘n speler waarom hy/sy afgeskuif gaan word na ‘n laer span en gee raad oor hoe hy/sy die basiese vereistes kan bereik. ‘n Afrigter is ook ‘n aanmoediger en moet gedurig sy/haar hand oor die speler hou. **Onthou ons werk met kinders en nie beroep sportmense nie.**

*Die skool is glad nie ten gunste daarvan dat leerders uit hulle ouderdomsgroepe speel nie. Ons glo dat dit nie tot die voordeel van die meeste spelers is nie. Die uitsonderings bo genoem, sal slegs in uiters uitsonderlike gevalle gemaak word.*

**<u>Verskoning van oefeninge en wedstryde</u>**

Verskonings moet skriftelik en betyds by die afrigter gemaak word. Mondelinge boodskappe d.m.v. maats word nie aanvaar nie. Leerders wat sonder 'n geldige rede by 'n oefening afwesig is, loop die gevaar om in die daaropvolgende wedstryde in 'n laer span te speel, of nie in aanmerking te kom nie. Afwesigheid sonder verskoning is onaanvaarbaar en skep geweldige probleme.

**<u>Kleredrag</u>**

Korrekte sportdrag is altyd die norm.

LET WEL: Waar van spelers verwag word om beskermende toerusting, bv mondstukke te dra, moet dit te alle tye gedoen word.

Enige behoefte/navrae m.b.t. kleredrag, kan met die Klerekomitee opgeneem word.

**<u>Beserings</u>**

In geval van ‘n besering sal ouers so spoedig moontlik ingelig word. Ons poog om vir 'n beseerde so spoedig as moontlik die beste mediese sorg te bekom.

**<u>Uitslae</u>**

Alle uitslae word gedeel.

**<u>Noodhulp</u>**

Noodhulp moet te alle tye gereël word waar wedstryde plaasvind waar leerders beseer mag word.

**<u>Afrigters: Pligstaat</u>**

1. Afrig van span(ne)
2. Netheid (spelers en afrigter)
3. Doeltreffendheid (tegniek, spanverband, motivering)
4. Kontrole oor oefeninge:
   - Afwesigheid;
   - Kies van spanne;
   - Algemene kontrole vir doeltreffende oefening
5. Kontrole oor toerusting;
   - Uithandiging;
   - Instandhouding;
   - Inhandiging.
6. Wedstryde bywoon:
   - Opwarming;
   - Spanpraatjies;
   - Motivering;
   - Kontrole oor tye/spelers.

7. Wedstryd administrasie in samewerking met sporthoof en spanbestuurders:
   - Wanneer;
   - Waar;
   - Wie speel;
   - Vervoerreëlings.

**TOERBELEID**

Toere word deur die ouers van die spelers wat toer gefinansier. Fondsinsamelings moet met die skool se Bestuurspan bespreek word sodat verskillende kodes nie oorvleuel nie, en dieselfde instansies nie die hele tyd genader word nie. **Normale gedragskode geld ten alle tye van 'n toer.**

Fondsinsamelings mag nie die skool se normale program van fondsinsamelings benadeel nie. Bestuurspan moet genader word en goedkeuring moet ook deur die BL gegee word. Ten minste een onderwyser van die skool moet 'n toerspan vergesel, en sy/haar toergeld en daggeld moet deur die toerfonds gefinansier word.

O/13

Alle O/13 spanne moet verkieslik gaan toer.

Goedkeuring vir so 'n toer moet van die BL verkry word. 'n Fondsinsamelingsplan moet ook voorgelê word deur die toergroep se reëlingskomitee aan die BL.

O/11 spanne word aangemoedig om te gaan toer. Dit sal goeie voorbereiding wees vir die opkomende seisoen.

O/7 & 0/9 spanne hoef slegs te toer indien die afrigter dit goedvind om 'n toer aan te pak.

ONTVANGS VAN TOERSPANNE

Die ontvangs van toerspanne word aangemoedig. Logistiek rakende die ontvangs sal deur die Sportorganiseerder en die betrokke sporthoof/afrigter hanteer word, en gekommunikeer word met die betrokke ouers (indien hulle hulp benodig word t.o.v verblyf, etes ens.)

AANBIED VAN TOERNOOIE

Die skool moet gedurende Maart/April vakansie of gedurende Junie/Julie vakansie vir die spanne toernooie aanbied.

Goedgekeur te Bloemfontein op die 4de dag van Julie 2023.

Magnus

______________________________

AC Magnus

BL-Voorsitter